The medical work at Songa and Ngoma hospitals continues to grow. Both Doctors Sturges and Morel report that they have all the patients they can well look after at the present time. Dr. Morel has the following to say of the Songa work:

"We have been more than busy at the hospital and dispensary. Every bed is filled and three or four are waiting for operations. Last week I removed a goitre from a woman from Samba, and a few days before did an operation for cataract on a blind man from a nearby village. Both are doing well. Last week some of the patients came up and reported a fight was going on at the 'sick village.' On investigation I found seven people all quarrelling over who was to live in the only empty house in the village. We certainly do need wards and more houses in our 'sick village,' and no one is more thankful than I that Mr. Pratt will soon be here to start work on the buildings."

The following word from Dr. Sturges shows how the work is going at Ngoma:

"Things are humming right along over here, with full days at the dispensary. Monday I gave 324 injections for yaws, four for lepers and nearly 100 other maladies. All of this in spite of the fact that nearby there are three white fathers advertising and giving medicines free to the Natives."

* * *

"ABDING in Christ means a constant receiving of His Spirit, a life of unreserved surrender to His service."—E. G. White.

Die Waarheid oorwin in Niasaland

A. F. TARR

DIE 17de Mei het Ouderling Elliott en skrywer Kaapstad verlaat om in Niasaland die kampvergaderings te gaan bywoon. Op pad het ons baie aangename oponthoud op 'n aantal plekke gehad. Te Mafeking, waar ons amper twee uur moes wag, het ons vroeg by Ouderling en Suster A. N. Ingle gebreks. Hierdie werkers was met die hulp van Mej. A. G. Fleming, midde in 'n evangelistiese poging in daardie stad. Hulle was vol moed en entoesiasies nie-teenstaande die seer bepaalde teenstand wat daar was. Ouderling Jan van de Merwe het te Mafeking op die trein geklim en saam met ons gereis so ver as Boelawayo waar die Sambesie-Unie komitee bymekaar gekom het. Ons was druk besig die naweek met hierdie komitee en die samekomste van die broeders en susters van die gemeente van Boelawayo. 'n Gees van Optimisme—in die vooruitsig van verminderde begrotings—is deur Ouderling Boger en sy helpers openbaar, en die seën van die Here het op die besprekings van hierdie komitee gerus, terwyl hulle planne vir die uitvoering van die werk vir die orige maande van die jaar beraam het.

Broeder F. B. Jewell van Soloesi wat sy seun in Niasaland wou besoek, het by Boelawayo saam met ons gereis. Gedurende die half uur oponthoud te Gwelo het ons die geleentheid waargeneem om 'n korte besoek aan Dr. en Mevr. Frank Ingle te bring. Behalwe sy werk op die Laer Gwelo stasie het Dr. Ingle onlangs in Gwelo begin praktiseer.

Hoewel die trein baie vroeg te Salisbury aangekom het, was daar tog 'n aantal gemeentelike op die stasie om ons te ontmoet. Broeder Hipkin, die ouderling van die gemeente, het ons na sy huis genooi. Met die hulp van Broeder Gorle, V.C., en ander lede doen Broeder Hipkin aktiewe, evangeliese werk in en om Salisbury. Dit lyk of die hele gemeente deur gebed en aktiewe diens die goeie werk wat die broeders doen, aanhelp. Die gemeente van Salisbury is waarlik 'n lig wat bo op 'n berg gesit is.

Te Salisbury ontmoet ons toe Ouderling H. M. Sparrow, superintendent van die Suidoostelike Afrikaanse Unie. Hy het ons per motor na Blantyre geneem. Ons is daar gasvry onthaal in die woning van Broeder en Suster Sparrow, waar ook Ouderling Nelson, Broeder Davy, Broeder en Suster Lyndon Tarr, en Broeder Gordon Pearson was. Die dag na ons aankoms het ons in die reën na Sinyama, 'n sendingstasie 52 myl van Blantyre en onder bestuur van Prediker Roman, gery. Hier het Broeder G. S. Stevenson, wat die oorsig oor die werk in hierdie streek het, alreeds met Prediker Roman die kampvergadering begin. Hulle was baie bly om ons te sien. Ons kon hul verlugting goed ver-

staan toe ons die ontsaglike opkoms van mense sien. Daar was seker 4,000 teenwoordig. Dit was 'n aangename tyd en dit lyk of iedereen die dienste geniet het. Ongelukkig het die reën en die koue die doop van 185 kandidate by daardie geleentheid verhinder. Die meeste van hulle is egter sedert gedoopt. Prediker Roman het 'n reusagtige taak om vir die belange van die werk in daardie belangrike deel van die veld te sorg.

Ons volgende oponthoud was te Malamoelo—ons oudste sendingstasie in hierdie unie. Broeder en Suster Nash, Dr. en Mevr. Marcus, Broeder en Suster Davy, Broeder Ivan Ansley en Suster Melvill is besig om met die hulp van 'n uitstekende corps naturelle werkers 'n agressiewe program te volg. Die hospitaal, die kolonie vir melaatses met sy 150 melaatses, die drukpers, die melkery, wat meer as 600 lbs botter per maand na die mark stuur, en die werkwinkel behoort tot die verskillende belange wat die sending behartig. Die kolonie vir melaatses lewer treurige tonele op, tog word al die moontlike gedaan om die pasiënte komfortabel en gemaklik te maak. Dr. Marcus en Mej. Melvill is onvermoed in hul sorg vir hulle. Ook word die geestelike behoeftes van die melaatses nie vergeet nie. 'n Baie mooi kerk en skoolgebou is opgerig met die fondse wat deur die British Empire Leprosy Relief Association verskaf is. Dit lyk ook seer gepas dat die een wat vir hul liggaamlike herstel sorg ook hul geestelike node sou behartig. Dr. Marcus is die ouderling van die gemeente vir melaatses. Saam met hom is 'n naturel-ouderling Moses, vroeër melaats, maar sy siekte is gestuit. Een van die melaatses het die volgende belangrike woorde geuiter: "Ons is selfs bly dat ons melaats is, want was dit nie vir die melaatsheid nie ons sou nooit die weg van saligheid geken het nie." By baie van hulle is die blydschap oor die geestelike hulp wat hulle op die stasie ontvang, van groter gewig as die liggaamlike lyding wat hulle daar gebring het.

'n Interessante onderdeel van die kamp vir melaatses is die bouery. Uit fondse wat die British Empire Leprosy Relief Association verskaf het, word nuwe en meer komfortabel hutte in plek van die oues gebou. Die melaatses maak self die stene en bou self die hutte.

Meer aandoenlik nog as wat mens in die kamp vir melaatses te sien kry, is party van die gevalle in die hospitaal. Dit lyk of die gemiddelde naturel in hierdie streke wag met hulp by die witman te soek, totdat hy oortuig is dat hy homself nie langer kan help nie. Teen daardie tyd het die siekte in baie gevalle reeds te ver gegaan. Party van die gevalle onder manne en vroue, maar veral onder die kinders, was te ellendig; party was werklik

hopeloos.

Terwyl ons op Malamoelo was, het die direkteur van onderwys vir Niasaland en sy vrou die sendingstasie vir 'n paar dae besoek. Dit lyk of albei die besoek geniet het en die direkteur het die werk wat die sending doen, baie geprys. Veral het hy baie belang gestel in die werk wat vir die meidjies gedaan word. Die direkteur het die hoop uitgespreek dat hierdie fase van ons werk mag versterk word en daar 'n geskikte dame mag gevind word om die werk te versterk.

Die kampvergadering te Malamoelo was baie indrukwekkend. Nooit in al die geskiedenis van ons werk in hierdie veld was daar so baie mense bymekaar nie. Die opkoms by die Sabbatskool was 5,028—die hoogste van enige Sabbatskool in hierdie Diyisie. Die opkoms by die kerkdiens was nie minder groot nie. Wat sou party van die eerste werkers in ons sendingwerk, die wat die grondslag van hierdie werk gelê het, nie gegee het nie, om die toneel te sien wat ons daardie Sabbatmore gesien het. Waarlik die Here beweeg Sy hand om Sy werk klaar te maak. Op die laaste dag van die kampvergadering is 238 persone deur die doop in die gemeente opgeneem. Onder hulle was 25 melaatses.

(Word vervolg)



'n Werk deur God gedoen

F. G. CLIFFORD

"En die muur is voltooi op die vyf-entwintigste van Elul, in twee-en-veertig dae.

"En toe al ons vyande dit hoor, het al die nasies rondom ons bevrees geword en neerslagtig gevoel, en hulle het erken dat hierdie werk deur onse God gedoen was."

Die vyande van die kindere van die Here het verbaas gestaan. Hulle het nie in die openbaring van God geglo soos deur Israël geleer is nie, maar hulle was oortuig dat die werk wat Israël gedaan het, deur God gedoen was. Hulle het dag vir dag mense van gelyke beweging as hulself op die mure en torings van Jerusalem sien werk. Hulle het nooit verwag dat die werk sou klaar-kom nie, want die moeïkhede, die beproewings en die hinderpale was aan elke kant. Maar toe die bou van die mure te midde van die moeïkhede, ontberings, tekort aan geld, en beproewings darem aangaan, het hulle oortuig geword dat die werk deur God gedoen was.

Die aanhoudende pogings om die doel van die kindere van die Here te verhinder, het algar gefaal. Nieteenstaande die hinderpale, gevare en ontmoediging het die werk stadig na die voltooiingtoe vordering gemaak. Die geheim was dat hoe groter die moeïkhede, hoe sorgvuldiger die kindere van die Here hulle planne gelê het, hoe meer sistematies hulle te werk gegaan het en hoe harder hulle gewerk het.

Die vyande van die Here het probeer om die leier van die werk weg te trek. Hulle het briewe onder die werkers rondgestuur om hulle in verwarring te bring;

wankelmoedige helpers wou die stryd oopgee; 'n paar van die oormoedige geeste het so ver gegaan om 'n plan te maak om Nehemia, die leier, om te bring. Maar omdat die mense ywerig gewerk het en op God vertrou het, het hulle van geen mislukking geweet nie.

Hierdie geskiedenis in die ervaring van Israël laat ons 'n heerlike oorwinning oor moeilikhede sien. Dit sal in ons dae herhaal word. Moeilikhede is nie 'n nuwe ding vir die kindere van die Here nie. Tekort aan materiaal en werkers het hulle net aangemoedig om meer verend te arbeide. Die by die mens onmoontlike taak het hulle meer volkome hul afhanklikheid van God laat besef. Maar ons afhanklikheid van God neem nie ons verantwoordelikheid weg nie om met al ons kragte te doen wat die Here van ons vra om te doen. Dit behoort ons eerder na te spoor om onvermoed te arbeide, wetende dat ons arbeid nie tevergeefs in die Here is nie.

Vandag verwonder die mense hul oor die wonderlike vooruitgang in die sending wat in die laaste twintig jaar deur Sewende-dag Adventiste gemaak is. As net soos in die dae van Nehemia, al die kindere van die Here hul kragte wou inspan tot die taak om die boodskap te versprei en die werk van God op te bou, sou selfs die vyande van Sy saak oortuig word dat die werk nie deur menslike poging gedaan word nie, maar dit 'n werk is wat deur God gedoen is. Sy Naam kan verheerlik word as al die kindere van die Here in tye van moeilikheid en skynbaar mislukking as een man opstaan om in hierdie werk besig te wees.

Die Oes Insameling Veldtog moet hierdie jaar 'n groot deel van die fondse opbring waarvan die onderhoud van ons opvoedkundige en mediese sendingwerk so bepaald afhang. Daar is 'n plek vir elke gelowige in hierdie werk. Die wat vroeër nooit in die veld uitgegaan het om fondse in te samel nie, moet dink aan die arbeiders wat die Meester omtrent vyfjaar ledig op die mark gevind het. Ons is waarlik in daardie uur van die geskiedenis van die aarde. Dis nie te laat om in die wingerd uit te gaan en te werk nie.

S. A. Unie-Konf.

N. C. Wilson President
J. E. Symons Sekr.-Tes.
Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

Doodsberig

Dit het die Here behaag om van ons weg te neem, deur die dood, onse geliefde Suster Judith Sarah Johanna de Wet. (Geb. de Jager). Na 'n smartelike lyding van tien dae is sy op die 7de Junie sag ontslape, in die ouderdom van 43 jaar en 18 dae.

Suster de Wet was 'n jaar gelede deur

Elder Raubenheimer te Potchefstroom gedoop, en was 'n ywerige en onvermoede werkster in die gemeente. Sy was sekretaresse van die Buurtsending in die gemeente van Parys, en op 'n bekwame manier het sy in hierdie werk voorgestaan. Gewis was sy 'n pilaar in hierdie klein gemeente, en ons voel die groot verlies van haar heengaan. Dit is soms onverstaanbaar waarom iemand, so onmisbaar, deur die dood moet weggeneem word, Miskien wil die Here dat van ons ander lede in die gemeente moet ontwikkel en haar voorbeeld van trou en toewyding navolg.

In haar huisgesin sal daar 'n groot gemis wees. Sy laat na, haar man, twee seuns, en vier dogters om haar dood te bewene. Onse innige simpatie met die gesin, as ook met die ander familieledes. Mag die Here hulle troos, en die sware wond in hulle harte genees. Laat ons nie oor haar treur soos diegene wat geen hoop het nie, maar laat ons met blye verwagting uitsien na die dag wanneer die basuin sal slaan, en die wat in Christus gesterf het, sal opstaan.

“Vrome vroeg gestorve vriende,
Wat zijt gij ons slechts vooruit,
Ons zal u allen weder vinden,
Als ons Jezus 't graf ontsluit.”

Skrwyer het die lykrede gehou, en by die graf het Eerw. Liebenberg bemoedigende woorde gespreek oor die hoop van die opstanding. Ons het haar te ruste gelê in die familiekerkhof op die plaas Groot-eiland, waar sy wag op die stem van haar Meester, wat eerlank met basuineklank sal gehoor word. P. A. VENTER.

Kongo U. Sending

C. W. Bozarth Superintendent
J. du Plouy, Sekr.-Tes.
Gĩtwe Mission, P.O. Usumbura,
Urundi, via Elisabethville

Nuus van die Kongo Unie Sending

Die huwelik van Valentine Davies van hierdie Unie en Edna Bradley van Kaapstad het die 15de Mei te Dar-es-Salaam plaasgevind. Broeder Davies is nou meer as twee jaar in hierdie unie werksaam en is nou bestuurder van ons Boeganda Sending. Ons roep Mevr. Davies hartelik welkom toe waar sy na hierdie veld kom en ons bid dat die Here vir Broeder en Suster Davies ryklik mag seën in hul arbeid vir die Here in hierdie land.

Broeders Bozarth en Duploux het onlangs ons Kiroendoesending besoek. Hierdie sending is die mees noordelike sendingstasie in die Suidelike Afrikaanse Divisie—presies 'n halwe graad suid van die ekwator. Broeder en Suster Norcott wat hier arbeide, is volmoed en stoot die werk vorentoe. Dis een van die mooiste sendingstasies wat ons in die Kongo Unie het en veral

van die standpunt van bevolking is dit geleë. 'n Goeie motorpad loop deur die sendinggronde en oral langs hierdie pad kry mens groot kafferdorpe. Broeder Norcott skryf dat as gevolg van evangelistiese werk vyftig nuwe mense onlangs die waarheid aangeneem het. Hulle lê planne vir sterke evangelistiese pogings vir hierdie jaar. Hierdie evangeliewerk en die groot mediese werk wat Mevr. Norcott doen, sal die jaar seker heel wat bekeerlinge win. Hierdie geliefde werkers het in hul afsondering van hul medegelowiges behoefte aan die gebede van die kindere van die Here waar hulle die werk in daardie behoefte veld vorentoe stoot.

Ons waardeer baie die gees van opoffering en saamwerking van die werkers van die Kongo Unie by die korting van 15% in ons begrotings. Een werker skryf oor hierdie besnoeiing en gee die gevoelens van al die werkers in die volgende woorde weer:

“Hoewel dit beteken dat ons ons persoonlike uitgawes tot 'n absoluut minimum moet afbring, meen ek tog dat al wat ons as werkers kan doen, is om ons aandeel in hierdie besnoeiing te aanvaar deur ons salarisse af te bring, sodat dit nie nodig sal wees om die begrotings vir mediese, evangelistiese en opvoedkundige werk te verminder nie. Ek is seker as ons ons deel doen, die Here ons sal leer hoe om in ons lewensuitgawes te besuinig, sodat niemand van ons gebrek hoef te ly wat betref die daelike nooddrif. U kan verseker wees dat ons volmoed is en dat ons enige maatreël sal ondersteun om te voorkom dat iemand van ons alreeds te geringe werkkragte in die Kongo sou moet terugkeer.

Die mediese werk van die hospitale te Songa en Ngoma bly toeneem. Die doktore Sturges en Morel rapporteer albei dat hulle al die pasiënte het vir wie hulle met moontlikheid kan sorg. Dr. Morel sê die volgende oor die werk te Songa:

“Ons was baie besig by die hospitaal en die apteek. Elke bed is beset en drie of vier wag vir operasies. Verlede week het ek 'n vrou van Samba vir 'n kropgeswel geopereer en 'n paar dae gelede het ek 'n blinde uit die naasbysynende dorp vir 'n ster op die oog geopereer. Verlede week kom 'n paar pasiënte vertel dat daar 'n vegparty in die siekedorp was. By ondersoek vind ek dat sewe mense met mekaar stry wie van hulle in die enige ledige huis in die dorp sou woon. Ons het werklik behoefte aan siekekamers en aan meer huise in ons siekedorp en niemand is dankbaarder as ek dat Menr. Pratt netnou hier sal wees om met die werk aan die geboue te begin.”

Die volgende berig van Dr. Sturges wys hoe die werk te Ngoma aangaan: “Ons werk dat dit gons; die hele dag in die apteek. Maandag het ek 324 inspuittings vir frambose, vier vir melaatsheid en amper 100 vir ander siektes gegee. En dit alles ondanks die feit dat daar naby drie wit vaders is wat hul medisyne adverteer en verniet aan die inboorlinge uitdeel.”

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum
Advertisements: 6d per line (minimum 3/-)

A. FLOYD TARR Editor
J. I. ROBISON Assist. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright President.
A. E. Nelson Treas. and Auditor
A. F. Tarr Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge Medical Secy.
M. P. Robison Ed. and M. V. Secy.
F. E. Potter H. M. and Field Miss. Secy.
J. I. Robison Religious Liberty Secy.

Harvest Ingathering News Flashes

ON page three the Ingathering Victory Tower will be found, which will during the next few issues illustrate the progress of the campaign in all parts of the Division. This week we have a report only from the South African Union Conference. We earnestly solicit prompt and full reports from each individual, church and field that the tower may represent the actual standing of the campaign as it is published.

THE workers in the South African Union Conference have given a splendid lead this year in their pre-campaign efforts. They report that there is a better spirit and a more cheerful response than in 1932.

ELDER DE BEER from Cancele writes that he has just been out on a short tour of the country and has had a very profitable and interesting time. The people from whom he has been soliciting in previous years have proved very friendly, and have evinced a great interest in our truth. He held many meetings in the homes of the people and nearly every night cottage meetings were held. Because of these meetings a family of five have definitely taken their stand for the truth. Others are on the point of accepting. While doing this, he was able to collect about £40.

BROTHER CLAUDE TARR has been working in the Witbank section and has collected over £65. He reports a splendid response on the part of the people and looks forward to a successful campaign.

ELDER D. F. TARR writes, "I have a little over £49 now on my Ingathering goal. . . . I have had a very interesting time. The people all seem so friendly and interested in our work."

THE Sentinel Publishing Company had a Harvest Ingathering Field day on Wednesday, July 12. The office and factory

closed for the day and all joined the Claremont church in an enthusiastic rally under the leadership of Elder Hurlow and Brother Potter.

Most troubles in life are greater in anticipation than they are in reality. It is that way with those notices "Beware of Dogs"—most times there isn't any dog and when there is, often it is an old toothless poodle. It's that way, too, with Ingathering. Once you tackle it in earnest, it is not a fraction as irksome and fearsome as it looks.

A Farewell Message From Miss Thomason



To my many friends in South Africa I wish to say that I have greatly appreciated your many acts of kindness to me and your loyal co-operation during my twenty-seven years of labour out here.

They have been years filled with joy in service for the Master, and it is with great reluctance that I lay the burdens down to take a much needed rest.

May we all remain faithful loyal workers until the end. Then will come the glad re-union.

Sincerely your friend and fellow-labourer,
IDA THOMASON.

Worry is blind, and cannot discern the future; but Jesus sees the end from the beginning. In every difficulty He has the way prepared to bring relief. Our Heavenly Father has a thousand ways to provide for us, of which we know nothing. Those who accept the one principle of making the service and honour of God supreme, will find perplexities vanish and a plain path before their feet.—
Desire of Ages.

A Word of Appreciation for Miss Thomason

J. I. ROBISON

MISS IDA THOMASON, after twenty-seven years of faithful service in South Africa, sailed June 30, from Cape Town, for the States. Miss Thomason came to South Africa from Battle Creek in 1905 and took up work as matron of the Plumstead Sanitarium and continued in that position either at the sanitarium or the nursing home, except for one or two short intervals, until she laid down her duties a few days before she sailed. Her life in Africa has been one of loving service and faithfulness

to duty as has seldom, if ever, been equalled in our work. She will long be remembered by her many patients and friends, but by none more tenderly than by our missionaries on furlough at the Cape who have always found her to be a true friend and a ready helper as far as her strength and position would permit. At times she laboured beyond her strength, for she was often brought almost to the breaking point in her ministry for the sick, and in holding our medical work together during the trying times that it has sometimes faced.

Miss Thomason has had a unique record in her medical work in Africa. In her twenty-seven years of service she has attended over 1,400 women in child-birth, but she has never lost a mother during this time, nor has there ever been a baby die in the home under her ministry. Over this long period of years her record has been perfect as a maternity nurse so far as saving both mother and baby in the hundreds of cases she has attended. Surely this is a remarkable record and there are hundreds of mothers in Africa today who look back upon her efficient ministry with a feeling of deep appreciation and gratitude.

We feel confident that many of our workers in Africa and hundreds of laymen who have learned to know and love Miss Thomason will greatly miss her as she retires from service after these many years. She returns to her home and her people, but she leaves her heart in Africa where scores of friends have learned to love and appreciate her as a personal friend and where she has spent the best part of her life in service for the Master.

'n Besoek te Potchefstroom

DIT was vir ons 'n groot voorreg om op die 24 en 25ste Junie Ouderling Moffitt in ons midde te hê. Ons is seker dat elk- een wat die dienste bygewoon het, 'n groot seën ontvang het. Met dieselfde geleentheid het ons Sabbatnamiddag nagmaal gevier. Ons kon voel dat die Gees van God in ons midde was. Ons hoop dat die saad wat hy hier gesaai het, honderdvoudige vrugte sal voortbring. Ouderling Moffitt het 'n groot verantwoordelikheid en daarom waardeur ons dit ten hoogste dat hy ons so gou besoek het, en ons sal uitsien na die tyd wanneer hy ons weer sal kom besoek.

MEVR. A. H. MILLER.

The Best Things are Nearest

BREATH in your nostrils, light in your eyes, flowers at your feet, duties at your hand, the path of God just before you. Then do not grasp at the stars, but do life's plain, common work as it comes, certain that daily duties and daily bread are the sweetest things of life.—*Lord Houghton.*